

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal-Wes  
5 Oktober 1975

Onderwerp: Geen veroordeling in Christus

Lees: Romeine 8 verse 31 tot 39

Teks: Romeine 8 vers 34

Sing: Psalm 146 verse 1 en 8  
Gesang 36 verse 2 en 5

“Gemeente van die Here, hierdie hoofstuk is ’n kosbare juweel in die Woord van God. Dit is ’n hoofstuk so vol troos, jubel en hoop. Luister maar na die musiek waarmee hierdie hoofstuk begin: ‘Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie’. (Rom 8:1)

“In die eerste hoofstuk van Paulus se brief aan die Romeine beskryf hy die verskriklike toorn van God oor al die ongeregtighede van die mens. Nie een word uitgesluit nie, want almal het gesondig en dit ontbreek ons aan die heerlikheid van God.

“Maar hier in hoofstuk 8 eindig Paulus met ’n loflied op die liefde van God in Jesus Christus. Dit is ’n liefde wat in al sy heerlikheid op die sondaar rig is. Dit is ’n liefde wat skitter soos ’n kosbare diamant.

“Paulus is in hierdie oorwinningslied soos ’n voël wat opstyg tot geweldige hoogtes. Só hoog dat dit nie verder kan nie. En wat sal hy nog verder sê? God is vir ons. God staan vir ons in. God neem ons vir sy rekening. En as God vir ons is, wie kan teen ons wees? Wie sal beskuldiging inbring? Wie sal veroordeel? Wie sal skei? Ons het die eiendom van God geword en Hy hou ons vas vir tyd en ewigheid.

“In kontras hiermee, beskryf die eerste hoofstuk van Jesaja ’n ontsettende regsgeding. God het ’n twis met sy volk en beskuldig hulle. Hy is die Aanklaer en Hy roep die hemel en aarde as getuies op: ‘Hoor, o hemele, en luister, o aarde, want die HERE spreek: Ek het kinders grootgemaak en verhoog, maar hulle het teen My oortree. ’n Os ken sy besitter en ’n esel die krip van sy eienaar, *maar* Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie.’ (Jes 1:2,3)

“In Romeine 8 stel Paulus nóg ’n regsgeding voor ons as hy verwys na ‘beskuldiging inbring’ en ‘veroordeel’.

(Rom 8:33,34) Die volk van God, die uitverkorenes, is weer voor die troon van die ewige Regter.

“Maar dan roep Paulus triomfantelik uit: ‘Wie sal beskuldiging inbring?’ (Rom 8:33) Wie sal as aanklaer optree en die getuienis lei teen die uitverkorenes? God miskien, soos in die gesig van Jesaja? Nee! Daar het ’n wonder gebeur. God is nie téén ons nie. God is dit wat regverdig maak. God spreek sy skuldige volk vry. God staan aan die kant van sy volk.

“Ons weet almal dat ons as sondaars sal staan voor die regterstoel van Jesus Christus. Ook die uitverkorenes sal hulle nie voor die ewige Regter kan regverdig nie. Maar ons gaan nie aangekla word nie, want ons Regter sal ’n partydige Regter wees, wat ons kant sal kies. Daar sal geen veroordeling meer wees nie, want daar sal geen skuld wees nie. Ons skuld is reeds betaal. Die oordeel is reeds voltrek.

“In Jesus Christus het die gerig van God op Golgota ook op ons gerus. In Jesus Christus het die brandende oordeel van God teenoor ons uitgewoed. In Hom was ons in die parskuip van die grimmigheid van God en is ons fyngetrap. Daar het die bespotte en gesmade Jesus Christus met die doringkroon op sy hoof vir my ingetree en my sondeskuld betaal. Hy het eenmaal vir almal betaal wat Hom as hul Verlosser aangeneem het. Die Regter was self die veroordeelde. Hy het vrywillig die oordeel in ons plek op Hom geneem. Jesus Christus het daar gesterf sodat daar nou geen veroordeling is vir dié wat in Hom is nie.

“Jesus Christus het gesterf, maar meer nog, is opgewek en sit nou aan die regterhand van God. Jesus Christus het ons saam met Hom geneem op sy weg in die ondeurgrondelike diepte van dood en gerig, tot in die onuitspreeklike heerlijkheid aan die regterhand van die Vader. As Hy as ons Verlosser vir ons gesterf het, sal ons ook deel hê aan sy opstanding. Wat ’n troos.

“O, DIEPTE van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!’ (Rom 11:33) Met liggaam en siel, vir tyd en ewigheid, is ons die eiendom van ons getroue Saligmaker, Jesus Christus.

“Nog enkele dae dan kom Jesus Christus se koninkryk. Dan sal die geloof oorgaan in aanskouing. Dan sal die volle werklikheid aanbreek wat geen oog gesien het nie en geen oor gehoor het en in die hart van die mens nie opgekom het nie.

“Jesus kom! Dit is verreweg die beste, heerlikste, dringendste boodskap wat die kerk kan verkondig.

“Ons sal Jesus Christus sien: van Wie die apostels en profete nie genoeg kon getuig nie; van Wie ons so baie gelees het in die Woord van God; van Wie ons so baie gehoor het in die prediking in die kerk; oor Wie ons so dikwels gepraat, gewonder, gepeins het.

“Hy kom, die Regter om die lewende en die dode te oordeel.

“Hoe dikwels het vrees en verskrikking ons nie al oorval as ons aan die laaste oordeel dink nie? Hoe dikwels is daar nie al probeer om ons hiermee bang te maak nie. Dié dag wanneer die bokke en die skape finaal geskei sal word en aan die linkerkant en regterkant van God gestel sal word. Die een sal aangeneem en die ander verwerp word.

“Gelukkig wil die Evangelie nie vrees aanjaag nie, maar juis vrees wegjaag. Ook hier kom die Evangelie met ’n troosryke versekering: Moenie vrees nie, want dank God, die Regter wat kom is Jesus Christus.

“‘Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.’ (Rom 8:34)

“Wat sal ons van hierdie dinge sê? Wat God self aan ’n sondaar sê, kan ons nie aanvul of duideliker probeer sê nie. Hier kan niks meer gesê word nie. Hier val ons op ons knieë in sprakelose aanbidding.

“Wat sal ons doen? Hier kan niks meer gedoen word nie, want Jesus Christus het alles vir ons gedoen. Daar bly vir ons niks meer oor nie, as om bly te wees en om ons soos gelukkige kinders te verheug in die groot liefde van ons Hemelse Vader.

“Blye dankbaarheid, dankbare blydschap

“Dis alles deur U goedheid Heer

“Hoe groot is U barmhartigheid.’

“Amen.”